NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

Februarie 201 **February 2011**

Redaksioneel

Ons is reeds besig met die tweede maand van 2011! Dit is vir 'n sloerder (procrastinator), soos ek, skrikwekkend om so terug te kyk op die jaar en te sien hoeveel tyd reeds verby is. As ek vorentoe kyk, en sien dat ons komitee boonop besluit het om ons jaarprogram vorentoe te skuif, (die uitstalling is reeds in Augustus) raak ek werklik erg omgekrap. Waar gaan ek die tyd kry om enigsins aan enigiets deel te neem? Ek noem hierdie probleme wat ek het sodat julle almal ook sal kennis neem. As julle groot genoeg skrik, kan ons moontlik daarin slaag om tog nog goeie deelname te verkry!

All the plans and attachments included in this edition points in the direction of a very promising year. It is believed that, with a little co operation from our members, this year will be a huge success.

Program for February

- **Saturday, 12 February, at 09h00: The cabinet makers will meet at the workshop of Brian Addis (84 Christine Road, Lynnwood Glen, Tel: 012 361-2756). The theme for this meeting will be Biscuit joints.**
- **Saturday, 26 Feb at09h00: the turners will meet at Leon Langenhoven's workshop. Plot 4, Bon accord. The homework for the month will be any vessel with thin sides.**
- **Wednesday, 23 February; monthly meeting at the Botany Department, University of Pretoria: The theme for the evening will be Tool steel and the grinding there off.**

Vorige maandvergadering

Ons vorige vergadering was die algemene jaarvergadering.

Die aand het heel goed verloop. Ons was effens ongelukkig om afskeid te moes neem van ons voorsitter van die afgelope jaar. Willie de Wet het reeds oor baie jare wonderlike bydraes aan hierdie vereniging gelewer, maar veral in die draaiomgewing. Ek glo ons almal het groot waardering vir al die insette wat hy gelewer het. Ons weet verder dat hy nie vir die vereniging verlore is nie en dat hy steeds sy ervaring met ons sal deel.

Die eerste aktiwiteit van die aand was toe Willie bekend gemaak het dat die komitee besluit het om ere lidmaatskap aan Lou Coetzer toe te ken. Hierdie erkenning aan Lou was nodig geag weens die feit dat hy reeds 12 jaar lank lid van die vereniging is. In die tydperk was hy 10 jaar lank 'n lid van die komitee waaronder ook vir 4 jaar as voorsitter. Lou dien verder reeds die afgelope 4 jaar as ons verteenwoordiger by die nasionale draaivereniging en as sulks is hy 'n baie aktiewe lid van die draaigroep. Hy het verder gereël dat ons maandelikse vergadering by die Universiteit van Pretoria se fasiliteite kan plaasvind, ook vir vorentoe. Reeds vir 'n baie lang tyd is Lou 'n gereelde bydraer van kwaliteit-artikels vir Tambotie, en Turnaround.

Met sy entoesiasme, opoffering en harde werk het Lou deurlopend bygedra om te sorg dat ons vereniging op 'n gesonde voet bly en goeie waarde aan sy lede bied. Dit word geglo dat al ons lede sal saamstem dat Lou hierdie veertjie ten volle verdien. Baie dankie Lou

Willie de Wet oorhandig die erelidmaatskap-sertifikaat aan Lou Coetzer.

Hierdie formaliteite is toe opgevolg met die normale prosedures vir 'n Algemene Jaarvergadering. Die verslagdoening was heel positief en die daaropvolgende verkiesing van die nuwe komiteelede het ook sommer flink en glad verloop.

(Die notule van die vergadering is as Aanhangsel A hierby aangeheg terwyl die voorsitter se jaarverslag as Aanhangsel B aangeheg is. Red)



Ons uitredende voorsitter, Willie de Wet lewer verslag van die afgelope baie suksesvolle jaar. Dankie vir jou leiding Willie

Die tesourier, Dries du Toit, verseker ons dat die finansies sterk genoeg is sodat ons die ledegeld kan hou waar dit tans is!

From the Chair

New Committee 2011

The year 2011 has started off with a lot of activity. We held our Annual General Meeting and your new Committee has been very active in preparing a programme for the year. Your new Committee is as follows and I have included photographs so that you can get to

know them. Please see the website where a brief biography of each member is given. We have selected the various office bearers and these are denoted below.

Paul Roberts
Chairman

Piet Smith
Vice Chairman

Neville Comins
Secretary

Dries du Toit
Treasurer



Klaas Coetzee

Gerhard Joubert

Kobus Mostert

Leon Wolmarans
Webmaster

(Jock McNair is assisting Leon with this activity.)

We wish to thank the members of the Association for the confidence you have displayed in us.

Tambotie

Louw Trichardt is die Redakteur van ons Nuusbrief. Ons versoek dat ons lede bydraes vir Tambotie in Afrikaans of Engels sal lewer.

.

Louw Trichardt
Redakteur: Tambotie

Interest Groups

Our two interest groups are a vital part of the organisation and we have capable persons at the helm of each one.

Turners: Jack Munting will run the Group, assisted by Lou Coetzer, Leon Wolmarans and Willie de Wet. The programme for the year appears elsewhere in this issue of Tambotie.

Jack Munting
Leader: Turners' Group

Cabinet Makers: The Group will continue to be run by Brian Addis, assisted by Paul Roberts and Leon Wolmarans. The programme for the year appears in another article.

Brian Addis
Leader: Cabinet Makers

Other Interest Groups

We would like to resuscitate the Toy Maker Group and are considering a Restoration Group. Are there any volunteers for these activities?

Objectives for 2011

The Committee examined the overall objectives for the year in the light of the Constitutional Aims and Objectives (Clause 3 of the Constitution). The following ten objectives for 2011 were identified and will be reviewed at each of the Management Committee meetings.

1. Membership drive (Target an additional 25 new members in 2011).
2. Enhance publicity (Tambotie, website, pamphlets, and media).
3. Enhance Association identity (Corporate apparel).
4. Exhibition (Maintain standard, increase public attendance from 500 to 600)
5. Informative monthly meetings.
6. Ensure active interest groups (Cabinet Makers, Turners, Toymakers, and Restoration).
7. Ensure that the website is informative and up to date.
8. Promote networking amongst members.
9. Participate in woodworking events outside the direct ambit of the Association (Co-operation with other woodworking associations).
10. Effective usage of funds (Use funding to achieve objectives, budget for 2011).

The chairman will elaborate on these items at a future monthly meeting.

Programme for Monthly Meetings

The Committee has identified a wide range of topics and will firm up on these at future meetings. The topics for the next few meetings are highlighted below and further detail is on the website:

- **Feb 23:** Properties of tool steels and Grinding of steel and tool steel.
- **March 30:** Antique tools by Tom Howden of the Witwatersrand Woodworkers' Association.
- **April 27 (Public Holiday):** Woodcarving: John Roberts UK Master Puppeteer www.puppetcraft.co.uk The Woodcarvers Guild has been invited to attend. Another speaker from ERWA who does carving on furniture also to be invited.
- **May 23:** Restoration

Annual Exhibition

The Annual Exhibition will be held on **Saturday 27 August 2011.** The date was decided upon so as not to clash with various other events such as the Rugby World Cup, School Holidays, AWSA Symposium etc. We have also decided to move the venue to the **New Hope School** which is just down the road from the Lions Club. The School venue has a number of advantages including free and safe parking, extensive area for the suppliers and catering services. The event also holds the potential that the School can benefit financially as well.

Project Plank

We have decided to repeat the theme of Project Plank as that for last year in view of the excellent response last year. The theme will again be **Toys** and these will be donated to the New Hope School. The School will soon be providing their specific requirements for the toys and you will be kept informed. The **Project Plank and Aids and Gadgets evening** will be held on **July 27** so as to be before the Exhibition.

Co-operation with other Woodworking Associations

We have strengthened our links to the East Rand Woodworkers' Association (ERWA) and the Witwatersrand Woodworkers' Association (WWA). The Chairman of WWA, Herman Potgieter has informed me that guests are welcome to attend their meetings. Details of their meetings and venue are on their website www.wwa.org.za .

Ander Aktiwiteite

Die Komitee is besig om ’n aantal ander aktiwiteite te beplan soos volg:

- **Hobby-X 3-6 Maart**
- **Fabrieksbesoeke**
- **Jaarlikse braai**
- **Hardware Centre Ope-dae**
- **Ander kompetisies**

Verdere inligting sal versprei word sodra dit beskikbaar word.

Membership Fees and Membership List

We request all members to pay their annual fees as soon as possible and before the end of February. We would prefer to have electronic transfers as this reduces banking charges. We will be sending out a *pro forma* invoice with this issue of Tambotie which gives the current fee (no change from that in 2010) and the banking details. We aim to update the membership list and send it to members by the end of March.

Please contact any of your Committee members for suggestions and comments.

Paul Roberts

Chairman / Voorsitter

Tools for sale

Metabo 230 mm angle grinder (Model W2023) - on stand and **spare discs R650.00**

Paul Roberts 084 515 2773.

More Tools

Due to circumstances out of his control, Henk Marais, one of our members must sell a lot of his tools. These are in excellent to very good condition (a bargain any way you look at it) Tel 082 561 1399. The list is attached to this Tambotie. Contact Henk for any negotiations.

Cabinet Makers:

Programme 2011

The first meeting of the year was mainly devoted to the setting of the programme for 2011. Eight members attended the get-together on 8 January at the workshop of Paul Roberts.

Each member was requested to have at least one **Project** for the year which could be displayed at the 2011 Exhibition which will probably be held in August. The theme for the Project could be something useful for the workshop such as a router table, but could be any other cabinet work.

The programme for the year will include **practical demonstrations and hands-on experience** of various aspects of **cabinet making**. Participants are requested to bring appropriate ear protection.

The following programme was agreed upon:

- Biscuit joints (12 February, Brian’s workshop)
- Planing (surfacing and thicknessing) (March)
- Sawing (April)
- Band sawing
- Jointing
- Hand tools
- Sharpening
- Glues and glueing techniques
- Finishing

The Cabinet Makers meet on the second Saturday of each month at 09h00 until about 11h00.

Each meeting will also have a “show-and-tell” item where members can show new techniques or raise problems. Brian showed how he sharpened a band saw blade using a Dremel cut-off wheel. The photograph illustrates the holding jig which has a slot cut into it for

holding the blade. The jig is clamped into the bench vice. The Dremel is set at its lowest speed and the cut-off wheel is touched lightly on the back face of each tooth. The blade should be cleaned well before sharpening. Paint stripper is a useful cleaning agent, and gloves should be worn. Wash well with water after cleaning.



Band saw sharpening

The **next meeting** will be held at **09h00 on Saturday 12 February 2011** at the **workshop of Brian Addis** (84 Christine Road, Lynnwood Glen, Tel: 012 361-2756)

Draaiers se hoekie

Die nuwe jaar het begin en 'n nuwe jaarprogram moet vir ons draaiers-aktiwiteite saamgestel word. Dit was dan ook, tesame met ons huiswerkbespreking, die hoofdoel van ons eerste byeenkoms daar in Dries du Toit se werksplek. Ons sou graag aan die begin van die jaar al ons draaiers daar wou hê om met hierdie beplanning te help, want elkeen se mening en voorkeure/afkeure is vir ons belangrik om van kennis te neem. Talle lede het egter geldige verskonings aangebied en kon dit nie bywoon nie. Die ongeveer 20 draaiers teenwoordig het egter goeie rekenskap van hulself gegee en praktiese idees voorgestel. Dit sal in ons program vir vanjaar opgeneem word.

Daar moet ook iets oor Jack Munting gesê word. Hy het die draaiers se leisels by twee reuse in ons groep, te wete At Smit en Willie de Wet, oorgeneem en hom baie goed van sy taak gekwyt. Ons wens Jack alles van die beste toe in hierdie nuwe rol, en weet by voorbaat dat hy 'n sukses daarvan sal maak. Hy het goeie voorbeelde om na te volg. Baie sterkte Jack. Ons sal jou al die pad ondersteun.

Hoewel die "amptelike" huiswerk 'n draaistuk was wat slegs tussen senters gedraai moes wees, het die meeste lede teenwoordig 'n eie keuse verkies wat nie net of glad nie tussen senters gedraai is nie. Die hoofrede vir die slegs-tussen-senters-draaistuk was om die draaiers te stimuleer en interessante ontwerpe uit te lok vir deelname later vanjaar aan Schalk van Niekerk se soortgelyke uitdaging wat hy aan alle AWSA-lede gerig het. Aan die ander kant was die groot verskeidenheid draaistukke baie uiteenlopend en baie interessant (kyk foto's). Dit het my weereens getref hoe oorspronklik ons lede is en in welke mate talle draaiers se handewerk getuig van vordering en ontwikkeling in terme van ontwerp, draaitegnieke en afwerking.

Met die bespreking van die draaihuiswerk het daar weer eens kostelike stukkies inligting en interessanthede uitgekom. Dit is baie duidelik dat hierdie groep draaiers geen reservering of terughouding ken wanneer dit kom by raadgee en hulp aanbied nie. Natuurlik was daar ook die nou reeds bekende klip-in-die-bos-vraag deur At Smit. Hy wou by almal weet hoe 'n hamersteel gedraai word. Dit het nogal vir 'n opwindende bespreking gesorg, maar dit is nie duidelik of almal die antwoord mooi gesnap het nie. Dalk moet At later aan ons demonstreer hoe presies dit op 'n standaard draaibank gedoen word.

Na pouse se koffie-en-beskuit (baie dankie Margret) het At Smit ons vergas met 'n uiters interessante verduideliking en demonstrering van al die soorte beitels wat in tussen-senters-draaiwerk gebruik word. Dit het my weereens opgeval dat dit nie net gaan oor kennis nie,

maar dat ervaring/oefening/bedrewenheid besonder belangrik is wanneer netjies en presies gedraai moet word. Hiermee saam het At oor en oor beklemtoon dat jou beitels te alle tye SKERP moet wees, anders gaan jy sukkel en probleme ervaar en ontevrede met die eindresultaat wees - wat jou dan sal noop om baie te skuur. Gewis baie stof tot nadenke.

Lou Coetzer

Voorbeelde van die afgelope maand se huiswerk. Soos gewoonlik is daar 'n paar wat die oog gevang het.

Willie de Wet (links), Jack Munting (agter) en Andrew Bourke (voor) se pragstukke wat tussen die ander uitgestaan het. Net die kant van Hannes Louw se bak steek regs uit asook Leon Langenhoven se stampersteel agter.

Ledegelde

Hoewel die ledegeld nie hierdie jaar verhoog is nie, moet ons in elk geval ons ledegeld betaal. Ten einde ons naamlyste op te dateer met diegene wat tans lede is moet ons eenvoudig die betalings onverwyld ontvang. Hierby aangeheg is ’n faktuur vir betaling, wat so spoedig moontlik vereffen moet word. U sal volle besonderhede mbt die hoe en waar betaal moet word op die faktuur self sien. Dit word vertrou dat u die saak teen die einde van volgende week (11 Feb) sal afhandel. Ons maak staat op u samewerking.

Redaksioneel

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Bus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 0126531874

E-pos: louwmarie@icon.co.za